
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*In die party-politiek is dit 'n Afrikaner se stem wat tel.*




*In die Ossewa-brandwag is dit 'n Afrikaner se bloed wat tel.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 15 JULIE 1942. No. 36.

# „Die Hele Afrikanervolk Met Sy Swakhede En Sy Sterkhede . . ."

## Eenheidsgedagte van die Volksbeweging Deur Kommandant-Generaal Verduidelik

**„Die hoofsaak is nie een of ander stelsel waarvan 'n afgod gemaak moet word nie; ook nie een of ander organisasie of party nie. Daar is iets baie groter en waardevoller as die demokrasie of sy partystelsel, as die A.N.S. of die Ossewabrandwag. Dit is die voortbestaan, en veral gesonder voortbestaan van die volk self," het die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, ook Ere-president van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, voorverlede Saterdag verklaar voor die kongres van laasgenoemde liggaam in Pretoria.**

Met verwysing na die baie studente wat tans in die tronke en interneringskampe verkeer, het dr. Van Rensburg gesê dat verskeie ook as S.J.'s in die hof in Johannesburg aangekla staan van hoogverraad. „En as daar van u is wat stene op hulle wil werp omdat hulle in die skaduwee van daardie aanklagte staan, wil ek u daaraan herinner dat ook genl. De Wet, genl. Beyers en andere deur daardie skadu moes loop."

Dr. Van Rensburg het gesê dat vandag reeds gestry word oor die president van 'n republiek wat nog nie bestaan nie. Hy is bereid om aan te neem dat die toekomstige president miskien vandag in een van die Empire se tronke sit. Hy het dit beklemtoon dat die stryd vandag veral 'n stryd van die jonger geslag is. Hulle is die oorgangsgeslag in 'n revolusionêre tyd.

Die wêreld tree oor die drempel van 'n nuwe bedeling en die jongmense van vandag sal die Afrikanerdom daar moet inlei. Die feit dat ons vyande vandag hoogty vier, is maar 'n episode en wel een van die laaste van sy soort. Niks is ewig op aarde nie — allermins die Smuts-regering. Al wat hierdie toenemende onderdrukking nou bewerkstellig is om meer krag te gee aan die reaksie wat later kom.

Wat die toekoms en die arbeidsveld van die jong Afrikaner betref, het dr. Van Rensburg gesê dat hy aanneem dat die eeulange serwituut van 'n dubbele lojaliteit sal verval omdat die Empire verval. Ons sal dan vry wees, maar die feit dat daardie band verbreek is, is nie voldoende nie. Ons soek nie bandelose vryheid nie maar vryheid tot 'n doel. Die standpunt van die organiese volk is: „Ons is 'n volk; alles wat vir die volk goed is, is reg en alles wat vir die volk skadelik is, is sleg." Die hoofsaak moet steeds die volk wees en nie een of ander organisasie of stelsel nie. Die doel en die middel tot die doel moet nie verwar word nie.

### DIE SWAKHEID

Dit is juis hierin wat die gevaar van die parlementêre en liberale partystelsel skuil. Niemand wil sy oë sluit vir die voordele wat partyleiers vir die volk behaal het met die stryd in die parlement nie. Ons moes egter ook nadele op die koop toe neem en die belangrikste daarvan is broedertwis en volksverdeeldheid.

Daar is een groot volksgevaar in die partystelsel wat ons nie vind by die volksbeweging nie en dit is dat die doel en die middel tot die doel so verwar word dat die werklike doel verlore gaan. In die parlementêre stelsel moet die doel bereik word deur die mag in hande te kry en die mag moet in hande gekry word deur 'n verkiesing te wen.

**Kry jy egter eenmaal die oorwinning by 'n verkiesing in hande moet daardie mag so gebruik word dat jy die volgende verkiesing kan wen. Die mag wat jy moes kry om jou doel te bereik, word 'n middel om die volgende verkiesing te wen. Alles wat stemme kan verloor, is verbode, of dit die republiek is of nie. As die kleurlinge se stemme nodig is, word aan hulle beloftes gemaak en as die Joodse invloed te sterk is, word hulle met die grootste eerbied behandel.**

Daarom is hierdie stelsel vrugteloos en fataal vir die gesonde ontplooiing veral van 'n volk wat belas is met anti-nasionale elemente. Spreker beskou dit dus as baie gelukkig dat die Afrikaner in die afgelope jare meer en meer sy pad gevind het tot die volksbeweging. Daar is reeds die F.A.K., die RDB. en die O.B. Dit is die gesonde volksinstink wat begin soek na 'n plaasvervangende magsfaktor wanneer die partystelsel ineenstort. Of is daar mense wat dink dat die Afrikaner die Britse konneksie gaan afskud, maar gaan bly sit met die Britse partystelsel? **Die eerste twee republieke het geen partye geken nie en die derde gaan dit ook nie ken nie.**

### EENHEID VAN BLOED

In die plek van die partystelsel sal ons volksregering kry, gebaseer op die volksbeweging wat nie afhanklik sal wees van anti-volkse kiesers nie. Inteendeel, die volksbeweging leef homself uit vir en binne die volk. Hy soek om alle volksgenote tot 'n organiese geheel, 'n lotsgemeenskap saam te sweis. Elke Afrikanergesin moet 'n sel wees in die liggaam van die Afrikanerdom, of die broodwinner nou boer of werker of amptenaar is. **Almal is ewe waardevol of hulle in die myne werk of op die spoorweë, op die plase of in die kantore. Een en almal is hulle draers van die Afrikanerbloed en toevallighede soos hulle werk of party-trou, of die rooilus op hulle skouers, kan die bloed en sy lotsgebondenheid nie verander nie.**

„Die volksgenoot is die potensiële lid van die volksbeweging, nie net die partygenoot of lidmaat van hierdie of daardie beweging of bond of klub of wat ook al nie," het hy gesê. „In teenstelling met ander organisasies is die neiging by die volksbeweging omhelsend en nie wegstotend nie. Ons juig nie oor mense wat ons wegdryf nie — ons treur oor hulle.

„Die doel is die gesonde voortbestaan van die volk, wat ons sien as 'n skepping van God, 'n lotsgebondenheid en nie 'n ‚sosiale kontrak' nie. En daardie volk is wat elke lid van die A.N.S. betref, die Afrikanervolk — **die hele Afrikanervolk met sy versugtinge en sy probleme, met sy swakhede en sy sterkhede, met sy geloof en sy vertwyfeling. Want in daardie volk is ons gebore en vir daardie volk wil ons werk en stry en desnoods ondergaan. Daartoe helpe ons God,"** het hy besluit.

## HY VERKIES OM TE GEE

### Mooi Voorbeeld op Cradock

'n Mooi voorbeeld van offervaardigheid het op Cradock onlangs voorgekom, waar mnr. C. Els, 'n man wat albei sy bene verloor het en tans sy bestaan as skoenmaker maak, 'n pond tot die Noodhulpfonds namens hom en sy eggenote bygedra het. In 'n briefie aan die Kommandant skryf hy dat hy dit sy plig gevoel om ook „'n weinig" by te dra tot leniging van die nood van mede-Afrikaners.

Baie ander in sy posisie sou graag aalmoese ontvang het, maar hierdie Afrikaner verkies om liewer te gee.

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

GEBRUIK

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n Produk van*
LEVER BROERS.

# STIGTING VAN DIENSLAERS

## Besonderhede Oor Werking Verstrek

Die volgende Uniale bevel is deur die Kommandant-generaal in verband met die stigting van Dienslaers uitgereik:

In wye Ossewabrandwag-kringe word 'n behoefte aan beleidsvoorligting en beskouings oor landsprobleme gevoel.

Om sulke voorligting en besprekings by die Ossewabrandwag as organisasie in te skakel moet Dienslaers gestig word in elke O.B.-eenheid waar die behoefte en moontlikheid bestaan.

Besonderhede oor werksaamhede van Dienslaers verskyn in die Bylae hiervan.

Om op hoogte van sake te bly aangaande studie-onderwerpe ens. moet elke lid van 'n Dienslaer intekenaar word op die amptelike weekblaadjie ,,Die O.B.''.

### BYLAE

Vir besonder take word eenhede van die O.B. as O.B.-Dienslaers saamgetrek.

**Dienslaers:**

1. 'n Dienslaer kan enige eenheid wees, nl., 'n kommando, veldkornetskap, of kleiner eenheid van 'n kommando saamgetrek op bevel van hul onderskeie offisiere, vir die besondere doel van

(1) bespreking en bestudering van volksvraagstukke en daarmee in verband staande beleidsaangeleenthede voortvloeiende uit en gebaseer op die volksbeleidsbeginsels vervat in die Manifes van die K.G., namens die Grootraad uitgereik, en soos van tyd tot tyd uitgewerk en verstrek sal word aan alle kommando's deur die O.B.-voorligtingsdiens, en

(2) praktiese volksdiens soos deur omstandighede vereis mag word en op 'n wyse soos aan die hand gedoen deur die voorligtingsdiens, aangepas by plaaslike omstandighede.

**Stafhoof:**

2. (a) Hierdie werksaamhede staan in verband met die volksbeleid-vertakking van die uitgeboude Grootraad onder toesig en leiding van die Voorligtingsdiens, met 'n stafhoof wat verantwoordelik is vir die uniale organisering en administrasie van die O.B.-Dienslaers, deur die gewone kanale, d.w.s. die verantwoordelike offisiere van die verskillende O.B.-eenhede.

(b) Die Dienslaer-stafhoof verstrek die nodige beleidsvoorligting aan die Dienslaers onder leiding van die Grootraad en hy bly vir die uitvoering van sy pligte verantwoordelik aan die Grootraad.

**Plaaslike Bevelvoering:**

3. (a) Elke Dienslaer staan onder die plaaslike O.B.-bevelvoerder of offisier daartoe deur hom benoem om die werksaamhede te lei.

(b) Die bevelvoerende offisier doen deur die gewone kanale verantwoording aan die Grootraad vir die uitvoering van sy Dienslaer-pligte.

(c) Die plaaslike bevelvoerende offisiere ontvang gereeld (minstens eenmaal per maand), hul opdragte, studiestukke, ens., deur middel van ,,Die O.B.'' of ander kanaal.

**Samestelling:**

4. (a) Mans- en Vroue-Dienslaers word waar nodig afsonderlik georganiseer.

(b) Die offisier van die eenheid wat saamgetrek word of 'n hoër aanwesige offisier, neem die leiding by die Dienslaer op hom of haar.

(c) Toegang tot die Dienslaers is ook oop vir nie-O.B.-lede, volgens diskresie van die bevelvoerende offisier.

**Publikasie:**

5. Publikasies en stukke van die Dienslaers sal in ,,Die O.B.'' en die ,,Wapenskou'' verskyn.

# SPIOENASIESTELSEL VIR SKOLE GESTIG

Die vervolging van Afrikaners deur die Empire-bewind het onlangs 'n stadium verder gevorder toe 'n spioenasiestelsel ingestel is vir skole, 'n sogenaamde ,,voorligtingsdiens''. 'n Aantal persone is gewerf wat sal rondreis en onderwysers ,,voorlig'' in verband met die Regering se opvatting oor ondermynende bedrywigheid, altans, so is verklaar deur die hoof van hierdie afdeling van die Departement van Binnelandse Beveiliging.

Ons glo nie dat dit vir die Regering nodig is om 'n personeel aan te stel om onderwysers oor hierdie gevoelens van die Regering op die hoogte te bring nie. Met aansienlik minder koste en ongerief (vir die onderwysers) kon hy slegs afdrukke van die Sapkongres se besprekings oor onderwysaangeleenthede aan die skole vir kennisname gestuur het. Daaruit sou elke onderwyser te wete gekom het dat dit ondermynend is vir skoolkinders om deel te neem aan volkspele en nog erger as hulle liedjies sing soos ,,Oom Jannie is 'n Goggabie''.

Uit ervaring weet ons egter wat hierdie ,,voorligters'' se taak is. Ons weet dat daar 'n sogenaamde Waarheidsleër gestig is met die lofwaardige doel om die waarheid te versprei, met ander woorde, om die publiek voor te lig oor die juiste toedrag van sake. In die praktyk het dit neergekom op die grofste spioenasiestelsel op volksgenote wat ons nog ooit geken het.

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*


**DIE AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL**

*Uitgewers en Boekhandelaars*

**DIE LIEF EN LEED VAN ONS GESLAGSLEWE.**

(Deur Prof. D. W. A. Willemse.)

Hierdie is 'n opspraakwekkende boeksensasie: Die eerlikste en moedigste werk in Afrikaans wat oor 'n onderwerp dusver met veel skuheid en preutsheid benader is. Die intiemste aspekte van die menslike geslagslewe. Openhartig en sonder om doekies om die waarheid te draai. Die boek is geskryf in 'n gees van hulpvaardigheid, om aan duisende wat met die lewensbelangrike probleem stry, lig en rigting te gee. Slegs vir volwassenes bedoel.

**Prys: 6/6 Posvry.**

**DIE SUIGELING EN VOORSKOOLSE KIND.**

(Deur Mev. M. E. Theron.)

In sy voorwoord sê dr. G. W. Eybers: Hierdie boek is dan ook by uitstek en in die eerste instansie 'n moeder se boek, geskryf deur 'n vrou wat nie alleen ryke ervaring opgedoen het met die versorging en opvoeding van kinders gepaard ook deur 'n moeder wat besondere verstand het van 'n moeder se probleme. Die warm-simpatieke gees waarin sy oor die kind skryf, sal die leser meteens opval. Die hele kind word in oënskou geneem, en daar word ADVIES gegee wat GOUD werd is. Hierdie belangrike werk handel oor die gesondheid en geluk van die moeder, oor die liggaamlike versorging van die klein kind, oor die ontwikkeling van sy persoonlikheid, oor die groei van sy karakter en oor die aankweek van beskaafde lewensgewoontes.

**Prys: Slegs 5/6 Posvry.**

**Bestel van:**

**Die Afrikaanse Pers-Boekhandel,**

**Bus 845, Pleinstraat 3, Johannesburg**



**VOLKSKAS IS U EIE BANK!**

***Fondse oorskry £1,800,000.***

**Hoofkantoor:**

**Volkskas-gebou, Sentraalstraat,**

**PRETORIA**

**Volkskas (Koöperatief) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)



**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre Mark**

**KAAPSTAD**

***Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.***

**Beste Heersende Pryse.**

*MINNAAR & VAN SCHOOR.*

Eienaar: Gustav Retief.

Telefoon 2-0212.

# Kragtige Roepstem Uit Gevangenis

## Generaal De Jager Kla Omdat Sy Lot Te Lig Is In Vergelyking Met Ander se Offers

**Onderstaande oproep van 'n man wat kla omdat sy lot te lig is, is afkomstig van genl. C. L. de Jager, A.K.G. van die Vrystaat, wat tans in gevangeskap verkeer!**

**,Hoe armsalig sal my lot nie wees nie as al offer wat ek moet bring die Empire-tronk sal wees, wanneer 26,370 vroue en kinders 'n hongerdood gesterf het en duisende burgers hul lewens op die slagveld geoffer het vir die bevryding van ons volk van die ondraaglike Britse juk!**

,,Mag ons die genade ontvang sodat ons almal in staat sal wees om die stryd van ons voorouers en die bloedoffers van hierdie manne, vroue en kinders tot eer te strek; en nie te wees 'n ewigdurende skande en veragting vir ons nageslag nie.

,,Ek is egter dankbaar dat ook ek in 'n geringe mate kan bydra tot die opbou van 'n nuut besielde volk tot die mate wat deur 'n Hoër Hand bepaal word.

**,,Omdat ons volk se lewe die beveiliging van ons nageslag is, moet ons as huidige geslag bereid wees om te offer sonder inagname van ons eie welvaart. Elkeen moet sy taak verrig, want ,die man wat sy taak versaak, is die man wat sy volk vermoor.'**

,,Die taak wat volbring moet word, is groot en moeilike beproewings lê nog voor. Wees sterk en vol moed!

,,Word nie weemoedig en terneergedruk oor die verbreking en verbrokkeling van ons volk deur die Brits-Joodse geldmag nie, want ,wanneer jy goud wil hê uit klipsteen-are, moet jy eers die steen tot gruis verslaan.' Uit die verbrokkeling en verdrukking van ons volk sal uiteindelik die goud kom — die oorwinning van 'n onvernietigbare Ossewabrandwag.

,,Die weg van die Ossewabrandwag is nie dié van gemakstoel-volksdiens nie, maar die voortsetting van die pad wat loop van Slagtersnek tot die offerbloed van Jopie Fourie. Hoe dankbaar is ek dat ek die O.B. gekies het, want hier is die regte leiding en die regte rigting — al leiding wat vry is van Britse en Joodse invloed.

,,Ek bring hulde aan ons Kommandant-generaal vir die wyse leiding en weergalose opoffering. Ek bring hulde aan al die offisiere en brandwagte wat my getrou bygestaan het in ons taak.

,,Ek bring hulde aan my vader en moeder vir die volksliefde wat hulle my saans om die kaggelvuur geleer het.

,,Ek bring hulde aan my vroutjie vir die liefderyke bystand en onuitputbare verdraagsaamheid.

,,Met onwrikbare vertroue in my God, met onwrikbare liefde vir my Volk, en met krag tot opoffering vir my Land Suid-Afrika, bly ek altyd die getroue dienaar van die Ossewabrandwag.

(Get.) C. L. DE JAGER.

### POPPE-WEDSTRYD

Ons verwys lesers na 'n advertensie in hierdie uitgawe van 'n aantreklike poppewedstryd wat deur 'n Randse kommando gereël word met die oog op Fondsdag. Pragtige pryse word uitgeloof vir die pop wat die beste in Voortrekkerdrag aangetrek word. Die besonderhede verskyn in die advertensie.


**Schoemannello - Drank**

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.



**SASBANK**

Verrig Volksdiens!

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.



**La Belle Alliance**

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-8888

*Ons Ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, Kaapstad.



105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE, KISTE, KRANSE, GRAFSTENE



*AFRIKANER-KLEREMAKER!*

Foon 5-1486

● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse

● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal

N. C. KOCH

Soutrivierweg 52 — Soutrivier



**GEVRA**

*50000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.*

VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.

Kommissarisstraat 200,

JOHANNESBURG.



**VAN ZYLS**

Hoofstraat - - PAARL

MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS

Voorsieners in Sportbenodigdhede

*SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS*

Tak ook op - PORTERVILLE


*ONDERSTEUN ONS BLAD DEUR DAAROP IN TE TEKEN*

DIE O.B., WOENSDAG, 15 JULIE 1942.

# Politieke Regspleging

Kort gelede het die Kommandant-generaal weer eens 'n waarskuwing gerig aan die adres van die Regering in verband met die wanbehandeling van Afrikaanse gevangenes. Hy het die uittartende optrede van hierdie partypolitieke bewind aangewys as die oorsaak van geweldpleging in ons land. Dit wil egter voorkom of hierdie politieke maghebbers net so min bekommerd is oor die toepassing van die reg as wat hulle is oor die rus en orde binne die land waaroor hulle toevallig gesag uitoefen.

Met kensketsende partyvooroordeel het hierdie bewind reeds 'n reputasie verwerf vir die wyse waarop hy as laaste appèl hofbevindings na willekeur kragteloos maak en saboteer. Wanneer uitlandse matrose en soldate aan wie die Minister van Justisie hom vanweë sy partyverkleefdheid nader verwant voel as aan sy eie volk, misbruik maak van die gasvryheid wat hulle hier gebied word deur hul dank te betuig in die vorm van misdade, en deur die geregshowe ooreenkomstig die wet gestraf word, verskaf dit die Minister „groot genoeë" om hulle van hul straf te onthef — om die vonnis wat hulle opgelê is, kragteloos te maak. Daarenteen, as Afrikanerseuns deur die hof onskuldig bevind en ontslaan word, staan hierdie onnasionale maghebbers in die weg van hul vryheid om hulle terug te werp in die gevangenis waaruit die hof hulle ontslaan het.

Tot so 'n wantoestand het hierdie willekeurige beleid reeds gelei dat dit nie eens meer snaaks is dat Afrikaners onverhoord in die tronk vir maande aangehou word nie. So 'n barbaarse verbrouing van die reg is reeds al as 'n voldonge feit aanvaar nadat dit in die skaduwee gestel is deur die jongste onthullings op die gebied van ons regswese. Ons verwys maar na die geval op Nelspruit waar beskuldigdes op vrye voet gestel is nadat hulle skuld beken het, maar andere sonder aanklag in die tronk gehou word omdat hulle weier om skuldbekentenisse te onderteken en die staat nie by magte is om hul skuld te bewys nie.

Tans het die jongste voorbeeld van Imperiale magsuitoefening tot kennis van die volk gekom — die geval van mev. Eggert, 'n Duitse onderdaan, wat deur die magistraat onskuldig bevind is op aanklag van hoogverraad nadat sy reeds vir 'n halwe jaar opgesluit was. Nog voordat sy die vrye lug kon adem, is sy met geweld op bevel van die Regering teruggewerp in die sel waar sy tussen meide-misdadigers moet verkeer. Hierdie meide het, volgens haar verklaring aan die hof, reeds die vraag aan haar gestel of sy ook haar man vermoor het!

Die volkereg maak natuurlik voorsiening dat vyandsonderdane vir die duur van die oorlog geïnterneer kan word, en hierdie gevangene het trouens ook haar gewilligheid om geïnterneer te word, te kenne gegee. Maar om 'n blanke vrou wat deur die hof onskuldig bevind is tussen 'n klomp misdadigers in 'n tronksel op te sluit net omdat sy toevallig stam uit 'n volk wat deur Engeland beoorlog word, is 'n daad wat die kroon span op die vreemde handelwyse van ons politiekgesinde bewind.

Ons weet nie of die Regering in die beoefening van sy voorregte gebruik maak van 'n maatstaf van reg wat deur homself geskep is nie — in watter geval ons die ergste nog afwag — maar wat ons wel weet is dat hierdie optrede van hom in regstreekse teenstelling is met wat deur die Ossewabrandwag en die Afrikanervolk as reg beskou word, en tensy hy die regsgevoel van die volk ook meet met dieselfde maatstaf wat hy sy eie dade meet, sal hy teen hierdie tyd begin besef dat hierdie soort dinge alleen gedoen word deur politici wat dit aan bekostig om na die voorbeeld van verskillende spookregerings in Londen, hul verantwoordelikheid voor die vierskaar van die volk per vliegtuig te ontvlug.

# Doel van 8 Augustus

Dit wil voorkom of daar by sommige mense nog nie helderheid is oor die oproep insake 8 Augustus nie.

In die eerste plaas moet duidelik verstaan word dat hierdie dag nie 'n willekeurige bepaling is nie. 8 Augustus was die dag waarop die Ossewaens in 1938 met hul tog na die Noorde 'n aanvang geneem het. Dit is 'n groot gebeurtenis in ons volkslewe wat in die toekoms bekend sal staan as die begin van die omwenteling in Suid-Afrika wat gelei het tot Afrikanereenheid en Afrikanervryheid. Op die spoor van die Ossewaens het ons volk bewus geword van sy bloedgebondenheid wat sterker was as die kunsmatige bande van politieke partye. Rondom die Ossewaentjies het ons volk tot sy ware eenheid gegroei en uit die eenheidsdrang wat deur die Ossewatrek gewek is het die Ossewabrandwag ontstaan as draer van die nuwe begeerte en volksomwenteling. **8 Augustus is dus in werklikheid die geboortedatum van die Ossewabrandwag en hierdie dag sal in die toekoms gereeld herdenk word as die verjaardag van ons volksbeweging.** Deur die Ossewabrandwag is 27 Februarie reeds as 'n volksherdenkingsdag in die lewe geroep — 'n dag waarop ons volk die eerste Boere-oorwinning oor Britse Imperia-

*(Vervolg in volgende kolom.)*

*(Vervolg van vorige kolom.)*

lisme herdenk. Daarby het nou gekom 8 Augustus as die geboortedag van die Ossewabrandwag. In hierdie gees moet die dag dan ook gevier word.

In die tweede plaas gaan ons dit nie net by blote viering hou nie. Die Ossewabrandwag verkeer vandag in 'n stryd wat nie sy stryd is nie, maar die stryd om ons volk se voortbestaan. Daar was selde 'n tyd in die geskiedenis toe ons volk se bestaan as geheel so in die weegskaal gehang het as tans. Dit hang van ons af vandag of die offers van ons voorgeslag tevergeefs was en of dit tot ryke vrugte gaan gedy. Vir daardie stryd het ons geld nodig. Swaar eise gaan nog aan die Ossewabrandwag gestel word voordat ons die stryd voleindig het. Met die insameling van geld vir die strydfonds moet reeds nou al 'n begin gemaak word wat op 8 Augustus op paslike wyse sy hoogtepunt bereik.

**Alle kommando's of veldkornetskappe (waar afstande dit noodsaak) is verplig om die dag in hierdie gees te herdenk, soos bepaal deur bevel. Verslag sal moet gedoen word deur elke eenheid oor die wyse waarop hy die dag gevier het en die fondse wat ingesamel is.**

## K.G. SE VERGADERINGS IN OOSTELIKE PROVINSIE

Die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, spreek van 20 tot 25 Julie 'n reeks vergaderings in die Oostelike Provinsie toe. Die reisprogram is as volg:

**Colesberg:** Maandag, 20 Julie, 10.30 vm.
**Burgersdorp:** Maandag, 20 Julie, 7.30 nm.
**Aliwal-Noord:** Dinsdag, 21 Julie, 2 nm.
**Dordrecht:** Dinsdag, 21 Julie, 7.30 nm.
**Barkly-Oos:** Woensdag, 22 Julie, 2 nm.
**Elliott:** Woensdag, 22 Julie, 7.30 nm.
**Sterkstroom:** Donderdag, 23 Julie, 2 nm.
**Queenstown:** Vrydag, 24 Julie, 7.30 nm.
**Adelaide:** Vrydag, 24 Julie, 2 nm.
**Somerset-Oos:** Vrydag, 24 Julie, 7.30 nm.
**Middelburg:** Saterdag, 25 Julie, 11 vm.
**Cradock:** Saterdag, 25 Julie, 7.30 nm.

Genle. mev. J. S. du Toit vergesel die K.G. op sy reis, maar op 'n paar plekke gaan hulle uitmekaar, wanneer sy afsonderlike vergaderings hou, t.w. **Steynsburg,** 20 Julie om 11 vm.; **Lady Grey,** 21 Julie om 2 nm.; **Indwe,** 22 Julie om 2 nm.; **Tarkastad,** 23 Julie om 2 nm., en **Hofmeyr,** 25 Julie om 11 vm.

## STRAATKOLLEKTE OP WORCESTER

Die Worcesterse stadsraad het verlede week met ses teen drie stemme op versoek van die O.B.-kommandant toegestaan dat 'n straatkollekte op 8 Augustus ten behoewe van die Ossewabrandwag se fonds vir afhanklikes van geïnterneerdes gehou word.

Die voorstel is ingedien deur mnr. G. Keyter en is ook deur die burgemeester, mnr. James du Toit ondersteun wat verklaar het dat die applikant 'n openbare liggaam is wat deur die Regering toegelaat word en dat hy nie kan diskrimineer nie. Mnr. Johan Theron het die voorstel bestry en verklaar dat die applikant 'n politieke party is.

## GEDAGTE VIR 8 AUGUSTUS

**Indien daar vandag Afrikaners is wat in hul strewe vir ons volk se vryheid hul persoonlike vryheid op die altaar plaas deur onverhoord in tronke te gaan sit, is u wat nog vry loop, nie bereid om maar net 'n geringe deel van u geldelike inkomste op die altaar te lê nie?**

**Op 8 Augustus kry u die geleentheid daartoe.**

# HELP ONTSLANE AFRIKANERS!

## KOMMANDANT-GENERAAL SE OPROEP

Dr. J. F. J. van Rensburg, Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag, het in 'n omsendbrief wat aan alle O.B.-offisiere gestuur is, verwys na die grootskaalse uitskopping van Afrikaaners deur myn- en nywerheidsbase ten einde hulle te dwing om by die leër aan te sluit, en die volgende oproep gedoen:

Elke lid van die Ossewabrandwag sal dit 'n eresaak beskou om sulke noodlydende slagoffers van die Empire met raad en daad, ook huisvesting, by te staan. Menig mede-Afrikaner wat nie gewillig is om vir die Empire sy stryd in 'n vreemde land te stry nie, sal daardeur op straat gesmyt word deur sy anti-Afrikaanse werkgewer. Om sulke volksgenote by te staan, is ereplig sowel as Christelike naasteliefde.

Veral aan O.B.-kommandante word opgedra om hulle uiterste bes te doen om toe te sien dat verkrygbare hulp of huisvesting nie onverbruik gelaat word nie.

Meld dit aan by die Noodhulpfonds en u sal die bewussyn hê dat u 'n Afrikanergesin se besorgdheid en benoudheid ten dele verminder het.

Een vir almal, almal vir elkeen.

## BEVEL VIR KAAPLAND

**In verband met die oproep van die Kommandant-generaal word die volgende bevel deur die A.K.G. van Kaapland, genl. J. A. Smith, uitgereik aan alle generaals en kommandante:**

**Kommandante moet onmiddellik deur middel van hul ondergeskikte offisiere opnames in hul gebiede laat maak van wie almal bereid is om**

**(a) huisvesting te bied aan diegene wat dit nodig mag hê, en**

**(b) van enige aanbod van werk wat vir geskikte persone beskikbaar is met melding van die aard van die werk of betrekking wat aangebied kan word.**

**Hierdie opgawes moet sonder versuim na die hoofkwartier van Kaapland gestuur word.**

# Protes Teen Doodvonnis

Die volgende oproep en verklaring is deur genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal van die O.B., uitgereik:

Herhaalde male is deur die Kommandant-generaal van die O.B. en myself as gesaghebbende amptenare van die Grootraad gewaarsku teen die onderdrukking van die Afrikaner-volksgees (soos geopenbaar deur volksorganisasies), die vervolging van teenstanders van die Imperialistiese politieke dwingelandy, en uittartingsmetodes, as ook teen die onderlinge wanhoopwekkende volksverbrokkeling, met die oog op die gistende en daarby onvernietigbare vryheidsdrang van die nasionaal-republikeinsgesinde Afrikanerdom wat tot uitbarsting deur taktlose optrede geprikkel word.

Daarbenewens het die O.B.-leiding van tyd tot tyd volksgenote in die vorm van bevele sowel as mondelings in die openbaar gemaan tot berusting in die O.B.-leiding en die onthouding van geweldddadighede waartoe hulle uitgetart mag word.

Van die kant van die O.B.-vyandiggesinde pers, organisasies, leiers, en maghebbende bewindvoerders is voortdurend die indruk geskep en gepropageer van doelbewuste sabotasiebeleid en geweldpleging waarop die O.B. sou mik by jong tot stryd uitgetarte Afrikaners. In hierdie atmosfeer het etlike kleiner organisasies en groepe ontstaan wat 'n vrugbare kern vir geweldddadighede geword het, en daartoe aangevuur geword is deur die geestespynigende strawwe wat kragtens onderdrukkende Noodregulasies opgelê word en vervolgings daaronder ingestel.

**Die also ingeplante prikkel tot verset is versterk deur die sogenaamde aanhouding van manne vir maande en maande sonder verhoor, die gewraakte behandeling van sulke onverhoorde manne in die tronke en polisieselle en interneringsbeleid sonder behoorlike openbare verhoor.**

In hierdie omstandighede en nog steeds met die oog op handhawing van orde en kalmering van die daartoe onthutse gemoedere onder die Afrikanerdom in die vaderland, word alle Afrikaners en insonderheid O.B.-offisiere en brandwagte opgeroep om onmiddellik telegrafies gesamentlik of afsonderlik protes by die Eerste Minister, Pretoria, in te dien teen die voltrekking van die vonnis van die twee jong Afrikaners, Visser en Van Blerk, van Benoni, omdat

(a) die Noodregulasies waarkragtens die doodvonnis gevel is, 'n veronagsaming van die gemene strafreg van die land is, en

(b) sabotasie en geweldpleging ongetwyfeld 'n reaksie by sommiges is op die vervolging van volksgenote en hul behandeling in die tronke.

## TELEGRAM AAN PREMIER

Die volgende telegram aan die Eerste Minister is deur genl. J. A. Smith, A.K.G., namens die O.B. van Kaapland gestuur:

,,Ossewabrandwag Kaapland protesteer teen voltrekking van doodvonnis Visser en Van Blerk wat gevel is kragtens Noodregulasies wat gewone strafreg veronagsaam en omdat deur ons ook veroordeelde geweldpleging ons insiens reaksie is op politieke vervolging en behandeling in tronke van mede-Afrikaners en onderdrukking van eerlike en geoorloofde beleid van volksorganisasie tot heil van toekoms van Suid-Afrika en nasionaalgesinde Afrikanerdom namens wie ons vra om versagting vonnis onder hieringenoemde omstandighede."

## BLANKES HERSTEL ORDE

### Drie Kleurlingsoldate Geskiet

Die Departement van Verdediging het aangekondig dat verskeie nie-blankes onlangs by Germiston hande uitgeruk het en dat blanke soldate die toestand onder beheer moes bring. Drie nie-blanke soldate is doodgeskiet en 'n vierde beseer.

## VOLG TELEGRAMME OP

Met die oog op die besondere haas wat vereis was na die veroordeling van die twee Johannesburgse Afrikaners het die Ossewabrandwag sy lede versoek om telegrafies te protesteer teen voltrekking van die vonnis. Aangesien dit later geblyk het dat adv. Jerling appèl aangeteken het, as gevolg waarvan daar geleentheid geskep is vir skriftelike protes, word tans 'n beroep op alle O.B.-lede gedoen om protesskrifte te onderteken in opvolging van hul telegramme. Lyste kan opgestel word met die volgende bewoording:

,,Ondergetekendes protesteer teen voltrekking van die doodvonnis op Visser en Van Blerk ingevolge 'n uitspraak kragtens die Noodregulasies, en versoek u dringend om die vonnis in hersiening te neem, en wel om die volgende redes:

(a) Ons beskou die Noodregulasies waarkragtens die doodvonnis gevel is, as 'n veronagsaming van die gemene strafreg van die land, en

(b) dat sabotasie en geweldpleging ongetwyfeld 'n reaksie by sommige is op die vervolging van volksgenote en hul behandeling in die tronke."

Lesers sal merk dat hierdie bewoording aanmerklik verskil van dié soos vervat in dr. Malan se oproep. Daarvoor bestaan 'n gegronde rede waarop ons nie wil ingaan solank die doodskaduwee oor die twee manne hang nie.

## FONDSDAG FUNKSIE!

**Die Vroue en Manne Kommando's FICKSBURG**

Hou 'n Funksie op

**op**

**GROOTKLOOF, FICKSBURG**

***Woensdag, 5 Augustus 1942***

Ete, braaivleis, pannekoek.
Skape en ander pryse vir Sport—
Skyfskiet en Jukskei.

***KOM SEKER!***

## WERK TERWYL DAAR NOG GELEENTHEID IS

### Gevangene se Boodskap

Genl. J. C. J. van der Westhuysen, sekretaris van die Grootraad, wat onlangs geïnterneer is, het die volgende boodskap aan alle lede van die O.B. gerig:

,,Waar talle van ons Boere in die gevangenis en kampe sit, het ons die een vaste geloof dat God regeer en niks met ons kan gebeur as Hy dit nie toelaat nie—selfs in die donkerste tronksel is Hy by elkeen; die vaste oortuiging dat ons saak reg is, dat ons offers bring op die volksaltaar, dat die Ossewabrandwag op die regte pad is en sy leiers dit opreg meen en ten volle betroubaar is, dat die Boerevolk op die pad is na sy eie vrye Republiek! Ons gevangenes staan vas, en ons roep ons mede-Boere daar buite toe: ,Stry voort vir God, Volk en Land. Moenie nou rus nie; werk dag en nag terwyl u nog in die geleentheid is; God is met ons!' Lewe ons Kommandant-generaal! Lewe ons Republiek!"

## O.B. KERMIS

***8 AUGUSTUS 1942***

(Op De Villierslaer, hoek van Boom- en Paul Krugerstraat, Pretoria.)

### WEDSTRYD: POPPE IN VOORTREKKERDRAG

Vir die beste insendings:
EERSTE PRYS: £10 en silwerpleet Voortrekkerkommetjie.
TWEEDE PRYS: £5 en middelslag Voortrekker-porseleinkommetjie.
DERDE PRYS: £2 10s. en klein kommetjie.

**Moet nie later as 31 Julie e.k. afgelewer word aan mnr. De Wit, Uniewinkels, Pretoria.** (Kommetjies geskenk deur Uniewinkels, Pretoria).

'n Koevert met 'n skuilnaam buite en die werklike naam en adres van die deelnemer binne, moet aan die pop geheg word.

Daar is geen inskrywingsfooi nie.

**VOORWAARDES:** Pop moet aangetrek word in mans- of vrouedrag. Die klere moet Voortrekkerdrag voorstel, en histories korrek wees. Alle poppe wat ingestuur word, word in elke geval die eiendom van die Kermis en sal verkoop word ten bate van die 8 Augustus-fonds. Die beslissing van die Komitee vir beoordeling is finaal.

**Neem Deel aan hierdie Aantreklike Wedstryd en Ondersteun 'n Goeie Saak!**

***HIER IS DIT NOU!***

**DIE STEM VAN DIE VOLK**

Deur N. G. S. VAN DER WALT.

***Prys 1/6 Posvry.***

Die doel van hierdie werkie is tweërlei: *eerstens* om die toestand onder die verworde demokratiese stelsel soos ons dit vandag dwarsdeur die wêreld aantref, in verhaaltrant uit te beeld op 'n Afrikaanse agtergrond, en *tweedens* om met die verkoop daarvan die O.B.-Fondse te sterk.

**6d. op elke eksemplaar wat verkoop word, gaan vir die O.B.-Fonds.**

In hierdie skerts op die Britse demokratiese stelsel word die euwels wat die Party-stelsel kenmerk op helder en boeiende wyse aan die kaak gestel. Die inhoud is leersaam en pakkend.

Help met die verspreiding van hierdie nuttige werkie deur u bestelling sonder versuim (voor 8 Augustus) te plaas by u plaaslike Kommandant(e) of direk by die uitgewers:

**PRO ECCLESIA-Drukkery,** Posbus 28 Stellenbosch

# AAN DIE PENKOPPE

## *Sesjarige Verdien 10/-*

„Ek wil graag iets meedeel wat 'n Penkoppie van ses jaar by name Hennie le Roux van Alheit, Kakamas, gedoen het om geldjies in te samel vir die O.B.-fonds," skryf komdte. J. Beyers van Kakamas.

„Hy het die stukkies in Die O.B. vir die Penkoppe wat sy Mammie gereëld vir hom voorlees, baie interessant gevind, en was begerig om dadelik te werk vir die saak. Hy het toe 'n werkie gedoen vir sy Mammie vir 'n pennie, en toe beskuit gekoop by haar en dit weer verkoop, en weer laat bak en verkoop totdat hy 5/6 gehad het, en toe appels gekoop en weer verkoop tot hy tien sjielings en 'n pennie ghad het.

**Die 10/- het hy nou aan die Kommandante gestuur, en die pennie gehou om weer van voor-af te begin."**

Dit is darem 'n pragtige voorbeeld vir baie ouer Penkoppe!

## LEDE STROOM WEER TOE TOT OSSEWABRANDWAG

### 25 Sluit aan in Een Enkele Veldkornetskap

Dat die mense meer en meer tot verhaal kom na die onverkwiklike broedertwis en dat hierdie herlewing toegeskryf moet word aan die feit dat die koerslose aanvalle van die Partyleiding nou deur die volk in sy ware lig gesien word, word bewys deur berigte wat ons oral vandaan begin bereik. Die geesdrif vir die volksbeweging vlam weer hoog op en talle Afrikaners begin tot sy geledere toe te stroom.

**'n Duidelike voorbeeld is die geval in 'n veldkornetskap van Observatory waar die ledetal in die afgelope paar weke met nie minder nie as 25 toegeneem het.**

Voorverlede Maandag het genl. Du Toit al die offisiere van die generaalskap Bellville toegespreek, en honderd-en-twintig geesdriftige offisiere met rang van asst.-veldkornet en hoër was teenwoordig, d.w.s. voltallig!

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.**

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 3,622 | 15 | 5 |
| Carnarvon Jukskei- en Volkspele-Laers | 21 | 10 | 0 |
| Vroue-Kommando Moorreesburg | 5 | 0 | 0 |
| Mej. J. Schultz, Swellendam | 2 | 0 | 0 |
| Mnr. W. J. Schmidt, Pearston | 1 | 1 | 0 |
| Mnr. F. J. van Rooyen, Pearston | | 10 | 0 |
| Vriend, Pearston | | 5 | 0 |
| Mnr. M. Strydom Pearston | | 10 | 0 |
| Mnr. M. J. Nel Pearston | | 10 | 6 |
| Marchand Vroue-Kommando | 1 | 10 | 0 |
| Cradock Kommando | 40 | 0 | 0 |
| Mnr. C. Els, Cradock | 1 | 0 | 0 |
| Vroue-Kommando Parow | 2 | 12 | 6 |
| | £3,699 | 4 | 5 |


# *TE KOOP!*

***O.B.-SKRYFBLOKKE***
Blou met bypassende Koeverte.
**2/6 posvry**

***O.B.-VAANDELS***
met Wapen in Kleure
**£1-15-0 posvry**

***KOMMANDO-VLAE***
**£1-15-0 posvry**

*Bestel van:*
**O.B.-HOOFKANTOOR KAAPLAND**
**Kamer 916**
**Groote Kerkgebou KAAPSTAD**


## KORRESPONDENSIEKLUB

RYK of arm, oud of jonk, getroud of ongetroud, wat u amp ookal is, u kan almal aansluit by die Sonop-Korrespondensieklub en die vreugde van korrespondensie met ander. Stuur gefrankeerde koevert na Posbus 1642, KAAPSTAD.

## KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakke-ton. 10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-.
**J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

## GOUE MEDALJE VRUGTEBOME
### (Julie-Augustus planttyd)

Duisende Planters vanaf Kaap tot aan Sambesie geniet die vrug van hul arbeid met **HERHOLDT** se beroemde bome, — hulle groei, dra en stel tevrede!
**JUBILEUM,** ons gevierde „Kersfees Elberta," enorme draer wanneer ander Perskes faal. **HERHOLDT'S X.B.,** ons nuwe prok selfkleurige geelvleis, ryp vroeg Januarie, smaak van Tvl. Geelperske. £7-10-0 per 100. **SUIKERBOSSIE** — die lekker verbeterde Parwee, 5/- elk. Early Dawn, Mamie Ross, Peregrine, Elbertaperskes. Appelkose, Pruime, Nektariene, Kwepers, Appels, Granate, Vye, vroeg tot laat soorte vanaf 1/-. Pere, Kersies, Okkerneute, Moerbei, Tamatiepruime, heerlike Tafeldruiwe. Aanvraag groot, bestel sonder versuim.
Geïllustreerde Katalogus gratis.

**HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660, JOHANNESBURG.**

## NUUS!!

VIR **ENIGIETS** wat u mag nodig hê, veral **RUBBER STEMPELS,** skryf aan:—

**TAFELBERG INDUSTRIË**
**Kohlingstraat 16, Kaapstad.**


# TE KOOP
***Opreg en Suiwergeteelde***
**WANGANELLA-SKAAP RAMME**
**FRIESLAND BULLETJIES**
**en**
**GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME**
***Pryse Billik!!***
**Tevredenheid Gewaarborg.**
Besonderhede van:
**T. B. JORDAAN**
**P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.**

VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
**DAMES-ROKKE**
besoek
**Steyns**
**PAROW SE NUWE MODERNE SAAK.**

# DE KOCK se GARAGES
**Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl.** | **Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.**
***Eienaar: D. D. DE KOCK***
**Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors**
***TOT U DIENS!***
**V.M.K. AANBEVEEL.**

# DIE GOEIE HOOP
**(KOÖP.) HANDELSHUIS, BPK.**
**Voortrekkerweg, Bellville. Foon 9-7184.** V I R **Hoofweg, Durbanville. Foon 60.**
KRUIDENIERSWARE — LAAGSTE PRYSE.
MANS- EN DAMESKLERASIE.
DIE BESTE — DIE GOEDKOOPSTE.


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### O.B.-FUNKSIE

OP 8 Aug. word 'n funksie op die tentoonstellinggronde gehou onder beskerming van die Kroonstad O.B. Kommandos. Begin om 8.30 v.m. Daar sal jukskei, braaivleis en boerwors volop wees. Die aand 'n opvoering en volkspele. Dr. J. F. J. van Rensburg sal by al die verrigtinge teenwoordig wees en sal die middag 'n toespraak hou.

### VERLOWING

BOTES—GELDENHUYS. Vreugde klokkies kondig aan dat die verlowingsbootjie van Bessie, Die Strand, en Willem van Stellenbosch, (vroeër van die Strand) van wal vertrek het en mag dit veilig voortvaar na die hawe van Eenheid, Geluk en Voorspoed.

### HUWELIK

DU TOIT — OLIVIER. Hiermee wens ons, Isak, Prinsipaal van Vetpan, Reitz, en Johanna (Buksie), Viljoenshoff, Bultfontein, aan familie, vriende(inne) en belangstellendes bekend te maak, dat ons D.V. 1ste Aug., 2.30 n.m. in die Moederkerk, Bloemfontein, in die huwelik bevestig word. Geen kaartjies. Gelukwensing en Telegramme: Oranje Koffiehuis, Bloemfontein.

PIETERSE — MAAS: Hiermee maak ons twee, Boshoff, jongste seun van mnr. en mevr. Hennie Pieterse, Viljoenshoff, Bultfontein, en Johanna, tweede oudste dogter van mnr. en mevr. Dawie Maas, Weltevreden, Bultfontein, aan familie, vriende(inne) en belangstellendes bekend dat ons trou D.V. op Saterdag, 1 Augustus, 2.30 n.m. in die Moederkerk, Bloemfontein. Geen kaartjies. Gelukwense en Telegramme: Oranje Koffiehuis, Bloemfontein.

### BETREKKING GEVRA

JONG AFRIKANER met 7 jaar ondervinding verlang 'n betrekking in enige Afrikaner besigheid. Getuigskrifte van gedrag, ens. kan verkry word. Skrywe aan **H. L., p/a. „DIE O.B.", Posbus 1411, KAAPSTAD.**

### BETREKKING GEVRA

HONDERDPERSENT Afrikaner soek betrekking tot diens van sy volk. Jarelange besigheidsondervinding, bekwame bestuurder, veral die motorbedryf, uitstekende organiseerder, eersteklas getuigskrifte, eie vervoermiddel. Ouderdom 36 jaar, getroud, gebruik nie drank nie. Skryf aan H. S. J. Fourie, Clercqstraat 45, Ermelo.

### BENODIG

**'N ASSISTENT HAARKAPPER** met goeie ondervinding. 'n Sertifikaat van O.B.-Kommandant 'n vereiste. Werklose O.B.-lid sal voorkeur geniet. Salaris £10 per maand. — **P. Cronje, Posbus 73, Warden.**

### TE KOOP

**AARTAPPELMOERE.** —— Van ingevoerde moere, „Greenmountain" en „Flourball," £1-2-6 per sak vir 5 sakke en meer. Vir minder dan 5 sakke £1-5-0. Gelewer Montagustasie.
Skrywe aan:
**D. J. JOUBERT, Rietvlei No. 2, MONTAGU.**

**VARKIES.** — „LARGE BLACK" — opreg geteel — Beertjies en Soggies, 4 maande oud, groot en vet £5-5-0 stuk. Een beertjie en twee soggies £15. Tweemaande oud varkies £2-10-0 stuk K.M.B.
**A. S. ZEEMAN, ROBERTSON.**

### TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. Besigheid 20 jaar ge-estabiliseerd. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.
**RUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.**

### TE KOOP

**BABY GRAND KLAVIER.**

IN baie goeie orde. — Kort gestem. Prys £50-0-0. Skrywe aan:
**Z. OBERHOLZER,**
**P.A. Volkskas Bpk., Markstraat, Johannesburg.**

### SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Al 4/-, No. 1 3/6, No. 2 3/- per sak, 200 pond; fyn botter sout, 100 pond, 3/6, gelaai Soutpan. **Martie Venter,** P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

### MIELIES TE KOOP

| | |
|---|---|
| Mielies (Gr. 5 en 6) | 16/- |
| No. 1 Gemengde Mieliemeel | 17/6 |
| Ongesifte Geel Mieliemeel | 16/6 |
| Geel Gebreekte Mielies | 16/9 |

V.O.S. Senekal. K.M.B. plus bankkoers. **W. J. DU PLESSIS (Edms.) Bpk., Posbus 108, SENEKAL.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**